



# SA *Wrestling Federation* *Stoeifederasie*

---

AFRIGTERS RAAD / COACHES COUNCIL

Miss. E van Zyl  
P.O. Box 82625  
Southdale  
2135

**TEL:** 011 681 1808

082 290 7561 (Cell)

**FAX:** 011 681 1800

[evanzyl@phumelela.com](mailto:evanzyl@phumelela.com)

**Aan:** Sekretaris/Voorsitter – Stoeiverenigings  
SASF Uitvoerende Bestuurslede

**Van:** SASAR

22 Januarie 2014

---

**SASAR SKRYWE 02/2014**

---

Graag wil die volgende inligting en reëlings deurgee aan al ons afrigters:

1. **Afrigters Kursusse**

Daar word drie nasionale kursusse aangebied in 2014 wat oor die land versprei is. Die reëling dat afrigters verplig is om een Nasionale kursus per jaar by te woon, ten einde in die daarop volgende jaar by S.A. aangeleenthede te kan optree bly van toepassing vir 2014, met ander woorde om in 2015 te kan optree moet 'n afrigter in 2013 een van die Nasionale kursusse bywoon.

Afrigters wat nie in 2013 'n Nasionale kursus bygewoon het nie, kan nie in 2014 by S.A. aangeleenthede op te tree nie, alvorens hulle 'n Nasionale kursus in die jaar bywoon.

Afrigters wat nie die hele kursus bywoon nie sal ongelukkig nie erkenning kan ontvang vir die betrokke kursus nie.

*NB: Ons wil u graag daarop wys dat inligting in die LTDO plan ook in die teoretiese eksamen sal voorkom.*

**LET WEL:**

Ons wil graag spesifiek die volgende reëlings met betrekking tot die toetsing van vlak 3 afrigters deur gee. Afrigters wat vir vlak 3 getoets wil word, moet drie (3) take voor die tyd inhandig. Indien ons nie die afgehandelde take voor die tyd ontvang nie, sal geen toetsing plaasvind nie.

## **DIE KURSUS DATUMS IS AS VOLG:**

**Eerste kursus vind plaas op 31 Januarie en 1 Februarie 2014**

Besonderhede van die kursus:

- Plek: **Noord-Gauteng Saal**
- Registrasie: Vrydag 31 Januarie om 17h30 tot 18h30  
Saterdag 1 Februarie om 07h00 tot 07h45
- Die eksamen en praktiese toetsing vir vlak 1, 2 en 3 vind plaas op Vrydag vanaf 17h00. Ons sal beskikbaar wees vir die skryf van die teoretiese eksamen vanaf 17:30 vir afrigters wat vroeër daar kan wees.
- **Name van afrigters wat eksamen wil skryf en getoets wil word asook afrigters wat die kursus net wil bywoon moet voor of op **Woensdag 29 Januarie 2014** by Esta van Zyl bevestig word (e-pos: [evanzyl@phumelela.com](mailto:evanzyl@phumelela.com)). Dui asseblief aan watter afrigters wil gradeer tydens die kursus asook vir watter gradering.**
- Verenigings en afrigters moet asseblief kennis neem dat indien die name van afrigters ontvang is vir die kursus bywoning nie opdaag nie, die betrokke afrigters verantwoordelik gehou word vir die inskrywingsgelde.
- Inskrywingsgelde R220.

### Tweede en Derde kursusse

Ongelukkig is daar nie 'n tweede kursus gedui op die kalender nie. Ons is besig om die datum te finaliseer en sal dit binnekort uitstuur saam die detail van die derde kursus.

Ons kan wel bevestig dat die tweede kursus in Welkom sal plaasvind en die derde kursus in die Boland.

## 2. **Afrigters Werkswinkel**

Ons gaan nie die jaar 'n afsonderlike Afrigters Werkswinkel hou nie, al die inligting sal gedurende die afrigters kursus aan u oorgedra word.

## 3. **Provinsiale Kursusse**

Verenigings word versoek om die datums en detail van hulle provinsiale kursusse aan die Afrigters Komitee te stuur voor die einde van **28 Januarie 2014**.

Groete

Afrigters Raad